higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

ARBEIDSVERHOUDINGE N6

(4110486)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ARBEIDSVERHOUDINGE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	40 punte
AFDELING B:	160 punte
GROOTTOTAAL:	200 punte

2. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

3. Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Eiendom, masjinerie, geboue en beleggings is komponente van die arbeidsmark.

1.2 Die stelsel bestaan gewoonlik uit mense wat in regsake betrokke is.

1.3 Stakings kom dikwels voor in Suid-Afrika.

1.4 Gemenereg ('common law') staan ook bekend as uitspraakreg ('case law').

1.5 Werknemers is sekondêre vennote en word deur die regering verteenwoordig.

1.6 Die KVBA-proses sluit arbitrasie as deel van hul betrokkenheid in.

1.7 Konflik beteken dat verhoudinge verbrokkel het.

1.8 Kollektiewe bedinging is 'n proses wat genoodsaak word deur konflik tussen twee partye.

1.9 Die ekonomie is nie 'n faktor van die eksterne omgewing nie.

1.10 Die Wet op Arbeidsverhoudinge no. 66 van 1995 maak nie voorsiening vir die reg om te staak nie.

1.11 Onbillike arbeidspraktyk is een voorbeeld van 'n regtegeskil ('dispute of rights').

1.12 Versoening is die aksie waardeur welwillendheid, samewerking en aanvaarding tussen partye gevestig word.

1.13 Die rol van 'n onderhandelaar is om partye te help om konflik te ontlont.

1.14 Een van die funksies van die KVBA ('CCMA') is om werkplekforums te help skep.

1.15 Om bestuur te oorreed is nie een van die redes vir 'n staking nie.

1.16 Die doel van 'n prosedurele staking is om 'n dooie punt op te los.

1.17 'n Erkenningstaking is om 'n werknemer te forseer om die betrokke vakbond as verteenwoordiger van die maatskappy se werkers te erken.

Kopiereg voorbehou

1.18 Die staat beskou 'n sloerstaking as 'n regmatige ('proper') staking.

1.19 Opwaartse kommunikasie is een van die doelwitte van 'n griewe-behandelingsprosedure.

1.20 Positiwiteit is een van doelwitte van 'n griewebehandelingsprosedure.

(20 × 2) **[40]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende term langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 'n … is 'n voortdurende geskil tussen die werkgewer en die werknemers.

2.1.2 … vind plaas nadat 'n geskil verklaar is.

2.1.3 Werknemers word tydens 'n … staking deur die wet beskerm.

2.1.4 Werknemers mag afgedank word wanneer hulle deelneem aan …

2.1.5 Die mees algemene rede vir 'n staking is …

(5 × 2) (10)

2.2 2.2.1 Noem VYF sake van belang wat tot 'n staking kan lei. (5 × 2) (10)

2.2.2 Bespreek die doelwitte van staakwagopstelling ('picketing'). (6 × 2) (12)

2.2.3 Bespreek die voordele van 'n sloerstaking. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 Bespreek die volgende soorte bedinging:

3.1.1 Verdelingsbedinging

3.1.2 Integrerende bedinging

3.1.3 Houdingstrukturering

3.1.4 Intraorganisatoriese bedinging

(4 × 5) (20)

Kopiereg voorbehou

3.2 Noem VYF verskille tussen *gesentraliseerde bedingingstrukture* en *gedesentraliseerde bedingingstrukture.* Gee jou antwoord in tabelformaat onder die opskrifte *Gesentraliseerd* en *Gedesentraliseerd .* (10)

3.3 Gee VYF redes vir permanente ontslag. (5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 4

4.1 Teken 'n diagram van die Arbeidsverhoudingstelsel van die eksterne omgewing. (6 × 2) (12)

4.2 Noem die onderskeie inhuisprosedures. (5 × 2) (10)

4.3 Noem die strukture in maatskappyprosedures en -proses wat gebruik kan word om arbeidsverwante konflik in 'n onderneming op te los. (8 × 2) (16)

4.4 Wie is die Minister van die Departement van Arbeid? (2)
[40]

VRAAG 5

5.1 Bespreek konflikaanwysers in die werkplek kortliks deur na die volgende inligting te verwys:

5.1.1 Vervreemding

5.1.2 Produkaanslae

5.1.3 Inligtingsaanslae

5.1.4 Verslegtende arbeidsverhoudinge

(4 × 3) (12)

5.2 Wat is die funksies van bedingingsrade? (10 × 2) (20)

5.3 Bespreek die regtegeskil ('dispute of rights'). (4 × 2) (8)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1	Noem SES metodes om 'n geskil by te lê.	(6 × 2)	(12)
6.2	Noem VYF nadele van 'n produkboikot.	(5 × 2)	(10)
6.3	Wat is die verskilbeslegtingsprosesse?	(4 × 2)	(8)
6.4	Noem die alternatiewe vir afdanking.	(5 × 2)	(10)
			[40]

TOTAAL AFDELING B:	**160**
GROOTTOTAAL:	**200**

Kopiereg voorbehou